View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Akroterion (E-Journal)

# BOEKRESENSIE

*J C Thom (Universiteit van Stellenbosch)*

**Henderson, W J** 2004. *Op Griekse lier: Vroeë Griekse liriese poësie, vertaal en toegelig.* Pretoria: Protea Boekhuis. ISBN 1-86919-007-6. Prys: R149,95.

Enige boekpublikasie in Afrikaans oor die Klassieke letterkunde is ’n besondere gebeurtenis. Vanweë die beperkte leserspubliek is skrywers én uitgewers huiwerig om in Afrikaans te publiseer. ’n Boek oor die Griekse liriese poësie — in vele opsigte die stiefkind van die antieke Griekse letterkunde — is des te meer ’n waagstuk. As daar egter iemand is wat so ’n projek met vrymoedigheid kan aandurf, is dit Henderson, ’n emeritusprofessor in Griekse en Latynse Studies aan die Universiteit van Johannesburg, wat hom oor verskeie dekades al as ’n wydgerespekteerde kenner van die vroeë Griekse digkuns bewys het. Die basis vir die huidige publikasie is inderdaad reeds bykans 20 jaar gelede gelê in twee uitstaande boeke oor die Griekse digkuns wat Henderson in 1986 en 1988 saam met J H Barkhuizen en C A van Rooy gepubliseer het (*Kalliope I* en *II*; Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika). My enigste wesenlike kritiek oor daardie twee boeke was dat dit nie vertalings van die Griekse gedigte bevat het nie (kyk my resensies in *Akroterion* 32[1] en 34[3-4]), ’n leemte wat deur die huidige publikasie ruimskoots reggestel word.

Anders as *Kalliope I* en *II* wat vir die spesialis bedoel is, is *Op Griekse lier* op ’n breër gehoor gerig. Die boek begin met ’n uitgebreide, maar hoogs leesbare, inleiding waarin die oorsprong van Griekse liriek, die aard en bronne van die oorgelewerde tekste, die historiese en sosiale milieu, die literêre vorm en die voordrag van die gedigte bespreek word. Een van die belangrikste redes waarom Griekse kortdigkuns vandag so selde aan universiteite onderrig word, is die feit dat deeglike studie daarvan ’n uitgebreide stel vaardighede vereis: In die eerste plek verg dit kennis van verskeie Griekse dialekte en van die kenmerke en verwikkelde metriese vorme van ’n hele aantal digsoorte, sowel as van die sosiale kontekste en funksies van hierdie gedigte. Omdat baie van hierdie gedigte slegs in uiters fragmentariese toestand op papiri oorgelewer is, moet die kenner verder ook iets van papirologie verstaan en deeglik vertroud wees met die uitgebreide sekondêre literatuur wat oor jare heen oor die gedigte tot stand gekom het. Henderson slaag egter goed daarin om die leser genoeg inligting te gee om die gedigte te verstaan en te waardeer sonder om in tegniese detail verstrengel te raak. (Verdere nuttige agtergrondsgewens word in ’n Glossarium aan die einde van die boek verskaf.)

Die inleiding word gevolg deur ’n keur van die sogenaamde meliese poësie. Ander vroeg-Griekse kort digvorms, dit wil sê die jambiese en elegiese digkuns, word dus doelbewus uitgesluit. Desnieteenstaande is gedigte en gedigfragmente van meer as ’n twintigtal digters in die boek opgeneem. Dit sluit bekende digters soos Alkman, Stesichoros, Alkaios, Sapfo, Ibukos, Anakreon, Simonides, Bakchulides en Pindaros in. Ná ’n kort inleiding word ’n digter se werke tematies gegroepeer en bespreek. So ’n groepering, gegewe die fragmentariese aard van die meeste gedigte, is ietwat kunsmatig en arbitrêr: Sapfo se gedigte word byvoorbeeld onder die hofies “Liefde”, “Huwelik” en “Poësie” gegroepeer, hoewel verskeie gedigte ewe goed onder een van die ander hofies ingesluit kon word. Die tematiese groepering dra egter by tot ’n groter samehang in die bespreking.

http://akroterion.journals.ac.za



Elke gedig word volledig vertaal en dan bespreek. Ten spyte van Henderson se verduideliking dat die vertalings nie bedoel is om “Afrikaanse poësie” te wees nie (p. 12), is die vertalings oor die algemeen wel poëties en slaag dit in ’n redelike mate om iets van die oorspronklike literêre karakter oor te dra. Ek gee slegs enkele kort voorbeelde van treffende vertalings:

> Ek sou eerder haar lieflike tred
> en die stralende glans van haar gesig wou sien
> as die Lidiërs se waens en voetsoldate
> onder die wapen. (Sapfo, fr. 16.18-20; p. 84)
>
> sterre rondom die skone maan
> verberg weer hul helder skyn
> as sy in haar volheid lig straal
> op die wêreld (Sapfo, fr. 34; p. 88)
>
> Die beste is water, maar goud — soos vuur brandend
> in die nag — blink uit bo edele weeldeware (Pindaros, *Ol.* 1.1-2; p. 176)

Sommige vertalings is egter onnodig lomp: “Hy blyk vir my gelyk aan die gode / te wees” (Sapfo, fr. 31.1-2; bl. 87) kon byvoorbeeld net so goed weergegee word as “Hy lyk vir my soos die gode / te wees”. Die bespreking van individuele gedigte en fragmente is kort, maar verhelderend en op die man af. Met interpretasies sou ’n mens wel hier en daar kon verskil, soos byvoorbeeld die oorbeklemtoning van die didaktiese funksie van Sapfo, fr. 1, en die tipering van die beskrywing in hierdie gedig van Afrodite wat deur mossies gebring word as ’n soort feëverhaal wat ten doel het om meisies te leer (pp. 83-84).

Hierdie kritiek doen egter geensins afbreuk aan die belangrike bydrae wat hierdie boek tot die waardering van die Klassieke letterkunde maak nie. Dit bied die leser ’n uitstekende geheeloorsig van die vroeg-Griekse digkuns en in die verbygaan ook van die samelewing waarin dit ontstaan het. Dit word ten sterkste vir alle Afrikaanse en Nederlandse klassici en studente van die Klassieke, maar ook vir die leser wat meer van die verrassend varse en kreatiewe oorspronge van die Westerse liriese tradisie wil weet, aanbeveel.